Neem-Dit-Huis-Toe – Gr. 4

Vriendskappe en Groepsdruk

Identiteit ontwikkeling: Gedurende die tienerfase speel die portuurgroep ‘n baie belangrike rol in die vestiging van identiteit. Tieners heg heel dikwels meer waarde aan hul vriendekring se opinies en menings as aan die van hul ouers en huisgesin.

Soos met groepsdruk, kan vriendskappe positief en negatief wees. Wanneer tieners vriende het wat hulle aanmoedig om hul potensiaal te ontwikkel en goeie keuses te maak, is die waarde van vriendskap ‘n positiewe. Ongelukkig is die teendeel ook waar, negatiewe vriende veroorsaak ‘n negatiewe identiteit.

Tieners het ‘n vrees vir verwerping en uitskuiwing deur die portuurgroep, wat tot isolasie en alleenheid lei. Hulle sal heel dikwels die portuur se waardes en gedrag aanneem bloot om sosiale isolasie te vermy, al stem hulle eie gesin se waardes en gedrag nie ooreen met die portuurgroep nie. Dit veroorsaak heel dikwels spanning in gesinne.

Die uitdaging vir jongmense is om te besef dat jou vriende ‘n groot invloed in jou lewe het, en dat jy ‘n keuse het om met party mense vriende te wees en nie met ander nie. Nog ‘n uitdaging is om te besef dat jy net soveel ‘n goeie vriend moet wees soos wat jy graag ‘n goeie vriend wil hê. Vrae om vir jou kind te vra...

- Wie is jou beste vriend? Hoekom is hy/sy jou beste vriend?
- Watter invloed het jou vriende op jou lewe?
- Sou jy sê jy is ‘n goeie vriend vir jou vriende? Hoekom sê jy so?

Ons vriende is mense wat ‘n baie groot invloed op ons lewens het. Mens kan dikwels vir jou vriende goed vertel wat jy nie vir jou ouers kan vertel nie, jy kan saam lag en saam huil, saam stout wees en saam detensie sit. Vriende kan jou uit die moeilikheid uit help, of verder in die moeilikheid in help (!).

Daar word op verskillende plekke in die Bybel oor vriendskappe gesels, in die Ou en Nuwe Testament, soos bv. Spreuke 27:17; Johannes 15:9-17.

In Johannes 15 gesels Jesus met sy dissipels oor hulle verhouding met Hom. In die eerste verse van hoofstuk 15 verduidelik Hy dat Hy soos 'n wingerdstok is en dat hulle in Hom geënt is, dat Hy die bron van lewe is en hulle uit Hom groei. Sonder Jesus, is die dissipels net nog doodgewone mense. Saam met Jesus dra hulle vrug en kan die wêreld sien iets is anders aan hulle.

In verse 9-17 gebruik Jesus spesifiek die vergelyking van vriendskap om Sy verhouding met die dissipels te beskryf. Hy noem dat hulle nie sy slawe is wat net bloot opdragte uitvoer nie,

maar dat hulle waarlik sy vriende is, dat liefde en lojaliteit 'n kenmerk van hulle verhouding is. En dat God wil hê dat ons in so verhouding moet lewe. Daar waar vriende lojaal en lief is vir mekaar, daar is vertroue en veiligheid. Om hierdie vertroue en veilige ruimte te skep, vra dat ons ons eie ego's en begeertes somtyds in ons sakke moet steek, en ons vriend se behoeftes belangriker ag. Om in verhouding met Christus te lewe, moet ons ons lewens neerlê, ons kruis opneem en Hom volg.

As Christen is jou vriendskappe gebaseer op Christus. Ons lees in Joh 15:9-17, wat sê daar is geen groter liefde as iemand wat sy lewe vir sy vriend aflê nie. Dit beteken nie net dat jy fisies bereid is om dood te gaan vir jou vriende nie, maar dat jy op ander maniere jouself, jou eie ego en belange opoffer sodat jou vriend kan lewe.

Maar wat beteken dit prakties?

- **Vriende dien:** Dink aan jou vriende. Hoekom is jy met hulle spesifiek vriende? In Johannes 15:13 leer Jesus ons dat ons nie met mense vriende is vir dit wat hulle vir ons kan doen nie – dan gebruik jy net mense tot jou eie voordeel. Vriende is vriende sodat hulle mekaar kan liefhê en geniet en bederf en dien. Dit gaan nie oor wat hulle vir jou kan doen nie, dit is om jou eie ego te laat sterf en te dink aan wat jy vir hulle kan doen. Om die beste vir hulle te wil hê.
- **Vriende is lojaal:** As dit nou moet uitkom by die skool dat jy 'n vraestel gesteel het en versprei het voor die eksamen – hoeveel van jou vriende gaan nog met jou praat en jou ondersteun, ten spyte van wat jy gedoen het? Lees Spreuke 17:17. Lojaliteit beteken om jou vriende te ondersteun deur goed en sleg, nie net terwyl dit goed is vir jou reputasie om met iemand vriende te wees nie. Deur lojaal te wees offer jy jou reputasie op.
- **Vriende het grense:** Vriende versmoor nie mekaar nie. 1 Korintiërs 13:4 vertel vir ons dat liefde is geduldig. Vriende verstaan dat dit gesond is om ook ander vriendskappe en belangstellings te hê. Om 24/7 in 'n vriend/in se geselskap te wees is selfsugtig en ag jou eie behoeftes hoër as die van jou vriend s'n.
- **Vriende bou mekaar op:** Lees Spreuke 27:6. Is dit waar? Vriende dra mekaar se beste belange op die hart, en somtyds is dit nodig om eerlik te wees oor dinge wat dalk kan seermaak. Moes jy al ooit vir 'n vriend/in iets vertel wat hulle seergemaak het, maar jy het geweet dis beter dat hulle weet as wat jy stilbly?

Maar wat van daardie woordjie groepsdruk?

Soos wat die tieners ouer raak, word daar meer en meer verantwoordelikheid op hul skouers geplaas en word hulle gedruk om keuses te maak. Somtyds sukkel hulle om keuses te maak onder druk en maak dan verkeerde keuses. Hulle is ook soms impulsief en sal keuses maak net om deel te kan bly van die vriendekring – keuses wat hulle eintlik hulself in die voet skiet. Hoe leef ons met die Here se wysheid te midde van groepsdruk? Dit begin

alles deur 'n doelbewuste keuse om saam met Jesus te lewe, te weet wat die regte ding is om te doen, en om dit dan te doen! Dis 'n groot uitdaging, ook vir ons volwassenes.

As jy die woord “groepsdruk” hoor, waaraan dink jy? Is daar ‘n verskil tussen positiewe en negatiewe groepsdruk? Verduidelik.

Om groepsdruk op 'n ander manier te verduidelik kan jy die volgende aktiwiteit met jou kind doen (jy gaan 'n ballon en enige bottel nodig hê).

Vra jou kind om die ballon in die bottel op te blaas (dis onmoontlik).

Hierdie gee vir ons ‘n prentjie van hoe dit is om deur negatiewe groepsdruk beïnvloed te word. Ons word omring deur verskillende mense (ouers, familie, vriende, onderwysers) en ons voel baie keer druk om op sekere maniere op te tree en te lewe – baie keer word hierdie druk deur die mense om ons se verwagtings van ons veroorsaak.

Kom ons sê die ballon is ‘n mens en die bottel verteenwoordig groepsdruk. Maak nie saak hoe hard die mens probeer nie, as hy/sy toelaat dat ander mense hom negatief beïnvloed of om op ‘n sekere manier op te tree, kan die persoon nie groei en die mens word wat God veronderstel het hy/sy moet wees nie. Die bottel (groepsdruk) perk hom/haar in.

Romeine 12:1-2 gee vir ons belangrike wenke in terme van groepsdruk...

- Ons lewens is ‘n offer vir die Here: alles wat ons doen en sê is ‘n spieëlbeeld van ons verhouding met Hom. Sal mense kan sê jy is ‘n dissipel van die Here deur hoe jy groepsdruk hanteer?
- Moenie gelyk word aan die wêreld nie: Die wêreld verwys na mense wat nie die Here ken nie, ons word geroep om anders op te tree. Hoe kan ons anders optree wanneer ons groepsdruk ervaar – gesels bietjie saam.
- Laat God julle denke vernuwe en julle verander en help onderskei: Ons tree anders op wanneer ons naby aan die Here lewe en toelaat dat Hy vir ons lei deur sy Gees om die moed te hê om te kan nee sê vir goed wat nie opbouend is teenoor onsself en ander mense nie. Dit verg moed en ons kry dit nie altyd reg nie. Die Here is in proses met ons, en sy genade is vir ons genoeg as ons ‘n fout maak.